

## Handelinge 27

### Handelinge 27:1-44

1 En toe daar besluit is dat ons moes wegvaar na Italië, het hulle Paulus en sommige ander gevangenes oorgegee aan 'n hoofman oor honderd van die keiserlike leërafdeling, met die naam van Július. 2 En nadat ons in 'n skip van Adramíttium gegaan het met die doel om by die aanlegplekke in Asië aan te gaan, het ons afgevaar, en Aristárchus van Macedónië, 'n man van Thessaloníka, was saam met ons. 3 En die volgende dag het ons by Sidon aangekom. En Július het Paulus mensliwend behandel en hom toegelaat om vriende te besoek en versorging te ontvang.

4 En daarvandaan het ons afgevaar en onderkant Ciprus verbygeseil, omdat die winde teen ons was. 5 Ons het daarop die see langs Cilícië en Pamfilië deurgevaar en by Mira in Licië aangekom. 6 En daar het die hoofman oor honderd 'n skip van Alexandrië gevind wat na Italië vaar, en ons daarop laat oorklim.

7 En verskeie dae het ons langsaam gevaar en met moeite teenoor Cnidus gekom; en omdat die wind ons nie toegelaat het nie, onderkant Kreta langs gevaar, teenoor Salmóne. 8 En toe ons met moeite dit verbygeseil het, kom ons by 'n plek wat genoem word Mooi Hawens, in die nabyheid waarvan die stad Laséa is.

9 En omdat 'n geruime tyd verloop en die skeepvaart al gevaarlik geword het en die vastyd ook al verby was, het Paulus hulle gewaarsku 10 en gesê: Manne, ek sien dat die reis met ramp en groot skade verbonde sal wees, nie alleen vir die vrag en die skip nie, maar ook vir ons lewe. 11 Maar die hoofman oor honderd het meer aan die stuurman en die eienaar van die skip geglo as aan die woorde van Paulus; 12 en omdat die hawe nie geskik was om daar te oorwinter nie, het die meerderheid aangeraai om ook daarvandaan af te vaar en indien moontlik Fenix te bereik om te oorwinter, 'n hawe in Kreta wat ooplê na die suidweste en na die noordweste.

13 En toe die suidewind saggies waai, het hulle gedink dat hulle hul voorneme kon uitvoer en die ankers gelig en langs Kreta verbygeseil. 14 Maar nie lank daarna nie het 'n stormwind wat Euroklídon genoem word, daarvandaan neergeslaan. 15 En toe die skip meegesleep is en nie teen die wind op kon seil nie, het ons dit opgegee en weggedrywe. 16 En toe ons onderkant 'n eilandjie kom wat Clauda genoem word, kon ons met moeite die sleepbootjie onder beheer hou. 17 En nadat hulle dit opgetrek het, het hulle gebruik gemaak van hulpmiddels deur die skip onderom te

gord; en omdat hulle bang was om op die Sirtis te lande te kom, het hulle die seile neergehaal; en so het hulle dan weggedrywe. 18 En terwyl ons geweldig deur die storm geteister is, het hulle op die volgende dag van die vrag uitgegooi; 19 en op die derde dag het ons met ons eie hande die skeepsgereedskap uitgegooi.

20 En omdat die son en ook die sterre baie dae lank nie geskyn het nie, en 'n hewige storm ons gedruk het, is eindelijk alle hoop om gered te word, ons ontnem. 21 En nadat hulle lank sonder ete was, het Paulus in hul midde opgestaan en gesê: Manne, julle moes na my geluister en nie van Kreta afgevaar het nie en julle so hierdie ramp en skade bespaar het. 22 Maar nou vermaan ek julle om moed te hou, want daar sal hoegenaamd geen verlies van lewe onder julle wees nie, maar alleen van die skip. 23 Want daar het in hierdie nag by my gestaan 'n engel van die God aan wie ek behoort, wat ek ook dien. 24 En hy het gesê: Moenie vrees nie, Paulus; jy moet voor die keiser staan, en kyk, God het aan jou geskenk almal wat saam met jou vaar. 25 Daarom, hou moed, manne; want ek glo God dat dit so sal wees soos aan my gesê is. 26 Maar ons moet op 'n sekere eiland strand.

27 En toe die veertiende nag kom, terwyl ons nog in die Adriatiese See ronddrywe, het die matrose omtrent middernag vermoed dat hulle naby land kom. 28 Daarop gooi hulle die dieplood uit en kry twintig vaam; en nadat hulle 'n bietjie verder gegaan het, gooi hulle die dieplood uit en kry vyftien vaam. 29 En omdat hulle bang was dat hulle miskien op rotsagtige plekke kon strand, het hulle van die agterskip vier ankers uitgegooi en gewens dat dit dag word. 30 Maar die matrose het probeer om uit die skip te vlug en die sleepbootjie in die see laat sak onder die voorwendsel dat hulle ankers van die voorskip af wou uitgooi. 31 Toe sê Paulus vir die hoofman oor honderd en die soldate: As hierdie manne nie in die skip bly nie, kan julle nie gered word nie. 32 Daarop het die soldate die toue van die sleepbootjie afgeknap en hom laat afval.

33 En teen die tyd dat dit dag sou word, het Paulus almal aangemoedig om voedsel te gebruik en gesê: Dit is vandag die veertiende dag dat julle in afwagting bly vas sonder om iets te gebruik. 34 Daarom raai ek julle aan om voedsel te neem, want dit dien tot julle behoud; want van niemand onder julle sal 'n haar van sy hoof val nie. 35 Toe hy dit gesê het, neem hy brood, dank God in die teenwoordigheid van almal, breek dit en begin eet. 36 En hulle het almal moed geskep en self ook voedsel geneem. 37 En ons was in die skip altesaam twee honderd ses en sewentig siele.

38 En nadat hulle met voedsel versadig was, het hulle die skip ligter gemaak deur die koring in die see te gooi.

39 En toe dit dag word, het hulle die land nie herken nie; maar hulle het 'n inham met 'n strand bemerk, waarop hulle van plan was om die skip te laat loop as hulle kon.

40 En hulle het die ankers afgekap en in die see laat lê en tegelykertyd die roertoue losgemaak. En hulle het die voorseil teen die wind opgetrek en op die strand aangestuur. 41 En hulle het op 'n plek verval met die see aan weerskante en die skip laat strand; en die voorskip het vasgeraak en onbeweeglik bly sit, maar die agterskip is deur die geweld van die branders uitmekaar geslaan. 42 Nou was dit die plan van die soldate om die gevangenes dood te maak, sodat niemand kon uitswem en ontsnap nie. 43 Maar die hoofman oor honderd wou Paulus red en het hulle verhinder in hulle voorneme en bevel gegee dat die wat kon swem, eerste in die see moes spring om aan land te kom, 44 en die ander, sommige op planke en sommige op stukke van die skip. En so het almal behoue aan land gekom.

#### **1. Handeling 27:1-12 – Die reis van Cesarea tot by Kreta**

**1** En toe daar besluit is dat ons moes wegvaar na Italië, het hulle Paulus en sommige ander gevangenes oorgegee aan 'n hoofman oor honderd van die keiserlike leërafdeling, met die naam van Július. **2** En nadat ons in 'n skip van Adramíttium gegaan het met die doel om by die aanlegplekke in Asië aan te gaan, het ons afgevaar, en Aristárchus van Macedónië, 'n man van Thessaloníka, was saam met ons. **3** En die volgende dag het ons by Sidon aangekom. En Július het Paulus mensliewend behandel en hom toegelaat om vriende te besoek en versorging te ontvang.

**4** En daarvandaan het ons afgevaar en onderkant Ciprus verbygeseil, omdat die winde teen ons was. **5** Ons het daarop die see langs Cilícië en Pamfílië deurgevaar en by Mira in Licië aangekom. **6** En daar het die hoofman oor honderd 'n skip van Alexandrië gevind wat na Italië vaar, en ons daarop laat oorklim.

**7** En verskeie dae het ons langsaam gevaar en met moeite teenoor Cnidus gekom; en omdat die wind ons nie toegelaat het nie, onderkant Kreta langs gevaar, teenoor Salmóne. **8** En toe ons met moeite dit verbygeseil het, kom ons by 'n plek wat genoem word Mooi Hawens, in die nabyheid waarvan die stad Laséa is.

9 En omdat 'n geruime tyd verloop en die skeepvaart al gevaarlik geword het en die vastyd ook al verby was, het Paulus hulle gewaarsku 10 en gesê: **Manne, ek sien dat die reis met ramp en groot skade verbonde sal wees, nie alleen vir die vrag en die skip nie, maar ook vir ons lewe.** 11 Maar die hoofman oor honderd het meer aan die stuurman en die eienaar van die skip geglo as aan die woorde van Paulus; 12 en omdat die hawe nie geskik was om daar te oorwinter nie, het die meerderheid aangeraai om ook daarvandaan af te vaar en indien moontlik Fenix te bereik om te oorwinter, 'n hawe in Kreta wat ooplê na die suidweste en na die noordweste.

### 1.1 Vrae by Handeling 27:1-12

- |   |
|---|
| 1. Hoe is Paulus as gevangene weggeneem na Rome? (vers 1-2)   |
| 2. Wie het almal saam met Paulus op die reis gegaan? (vers 2) |

Uiteindelik het die tyd aangebreek dat die goewerneur vir Paulus na die keiser stuur. Lukas berig nie wat Festus uiteindelik as klag teen Paulus gestuur het na die keiser toe nie. Die bewakers van Paulus het hom saam met ander gevangenes aan 'n hoofman oor honderd met die naam Julius oorgegee. Alhoewel Paulus 'n Romeinse burger is, is hy tans 'n gevangene wat nog in die sorg van die Romeinse owerhede is omdat hy hom op die keiser beroep het. **Met 'n skip is Paulus vanuit Cesarea weggeneem na Rome toe.**

Paulus en die ander gevangenes is in 'n skip van Adramittium geneem wat op pad was na plekke langs die kus van Asië. Adramittium was 'n hawestad van Misië en was sowat 177 km noord van Efese. Afgesien van die ander gevangenes saam met wie Paulus hierdie reis moes meemaak, was daar ook nog ander gelowiges saam met Paulus. **Lukas** noem homself nie by name nie, maar sluit homself wel in met die persoonlike voornaamwoord *ons*. En dan noem hy ook nog vir **Aristarchus** van Macedonië.

Dit is moontlik dat Lukas nog die hele tyd saam met Paulus was sedert hy uit Filippi saam met Paulus na Jerusalem vertrek het (Hand 20:6). Dus was Lukas by Paulus ook die afgelope twee jaar wat hy as gevangene in Cesarea aangehou is.

Aristarchus het ook teen die einde van die derde sendingreis saam met Paulus gereis van Macedonië af (Hand 20:4). Dit is moontlik dat hy ook nog die hele tyd saam met Paulus was, maar daarvoor kan nie met sekerheid gepraat word nie.

- |   |
|---|
| 3. Watter soort behandeling het Paulus van die hoofman oor honderd ontvang? (vers 3)    |
| 4. Hoe het Paulus-hulle se reis verloop van Cesarea af tot by Mira in Licië? (vers 3-5) |
| 5. Waarmee het Paulus-hulle van Mira af verder na Rome gereis? (vers 6)                 |

Die volgende dag het die skip by Sidon aangedoen. Dit was sowat 113 km noord van Cesarea. **Julius die hoofman oor honderd het Paulus mensliewend behandel.** Daar is waarskynlik 'n paar dinge wat veroorsaak het dat Julius vir Paulus so behandel het. In die eerste plek was Paulus 'n Romeinse burger wat vir die hoofman van groot waarde was. In die tweede plek, alhoewel Paulus 'n gevangene is, is hy nog verhoorafwagend. Die meeste of moontlik al die ander gevangenes was veroordeelde misdadigers wat deel sou word van die skouspel in die arenas van die Romeine. En in die derde plek was dit Paulus se geloof in Christus wat hom so laat optree het dat die owerheid nie enige verset of opstand van Paulus verwag het nie.

Deel van die mensliewende behandeling wat Paulus ontvang het, het beteken dat hy tot 'n mate vrye beweging geniet het. Toe hulle in Sidon aangedoen het, kon Paulus sy vriende – gelowiges in Sidon – besoek om deur hulle versorg te word.

Van **Cesarea** af het hulle na **Sidon** gevaar. Gedurende die herfs maande was die winde op die Middelandse See oorwegend wes of noordwes. Aangesien die skip waarop hulle gevaar het 'n vragskip was, het dit moeilik teen die wind in geseil. Om hierdie rede het hulle aan die **ooste kant van Ciprus** verby gevaar. Uiteindelik het hulle langs **Cilicië** – die geboorte provinsie van Paulus – verbygevaar in 'n westelike rigting. Daarop is hulle by **Pamfilië** verby en het by **Mira in Licië** aangekom. Licië is die mees suidelike provinsie in die hedendaagse Turkye.

**In Mira het die hoofman oor honderd 'n ander skip gevind wat van Alexandrië af op pad was na Italië toe.** Die skip waarop hulle aanvanklik gereis het, sou waarskynlik na sy tuis hawe gevaar het, daarom moes hulle 'n ander skip vind om na Italië te vaar. Hierdie skip sou waarskynlik ook 'n vragskip wees wat graan van Egipte af na Italië vervoer het.

6. Hoe het die vaart verloop van Mira af tot by Mooi Hawens? (vers 7-8)

7. Waarom noem Lukas van die vastyd wat verby was? (vers 9)

8. Waarom het Paulus hulle gewaarsku oor die verdere reis? (vers 10)

Dit het die skip verskeie dae geneem om van **Mira** af tot by **Cnidus** wat op die mees suidwestelike punt van Asië geleë is te bereik. Die wind uit die noordweste het die westelike vaart van die skip belemmer. Van **Cnidus** af is die skip skerp in 'n suidelike rigting gedwing, sodat hulle nie anders kon nie as om verby **Salmone** aan die suid-ooste kant van Kreta al langs die suidelike kus van Kreta te vaar. Met baie moeite het die skip uiteindelik 'n plek met die naam **Mooi Hawens** bereik. Lasea was 'n dorp wat naby Mooi Hawens geleë was.

Daar is 'n klomp dinge wat met die verloop van die vaart al duideliker geword het. Dit het die skip 'n geruime tyd geneem – langer as in ander tye van die jaar – om te kom tot waar hulle nou by Mooi Hawens was. Die skeepvaart het al gevaarlik geword. Die tydperk van middel September tot middel November was baie gevaarlik om per skip te reis as gevolg van die sterk noordwestelike winde. Gedurende die wintermaande het alle skeepvaart tot stilstand gekom. Nou maak Lukas melding van die vastyd wat al verby was.

**Die vastyd waarna hy verwys is die vastyd gedurende die groot versoendag wat in die jaar 59 op die 5de Oktober geval het.** Dit is dus nou al ver in die herfstyd in en die reis gaan nie makliker word nie. Intendeel dit gaan al gevaarliker en onsekerder word.

Afgesien van al hierdie omstandighede waarvan Lukas reeds melding gemaak het, het Paulus teen hierdie tyd reeds drie keer skipbreuk gely. Hy maak daarvan

melding in 2 Korintiërs 11:25. Daarby het Paulus ook al bykans vyfduisend kilometer op die see afgelê per skip. Hy is dus nie meer 'n groentjie wat skeepvaart betref wanneer hy die hoofman oor honderd waarsku nie. **Uit ondervinding weet Paulus dat dit nou glad nie geleë is om die reis voort te sit nie.** Die vrag sowel as die lewens van die mense aan boord is nou op die spel.

9. Waarom het die hoofman oor honderd hom nie aan Paulus se waarskuwing gesteur nie? (vers 11)

10. Waarom wou die meerderheid na Fenix gevaar het? (vers 12)

Alhoewel Paulus 'n Romeinse burger was, was hy nog steeds 'n gevangene. En **aangesien daar vir die kaptein sowel as die eienaar van die skip meer op die spel was om te verloor** as vir Paulus, het die hoofman oor honderd eerder na die kaptein en die eienaar geluister as na Paulus. 'n Vragskip soos hierdie was gewoonlik deel van 'n vloot en onder beheer van die Romeinse owerheid alhoewel die skip in private besit was.

Mooi Hawens se naam was blykbaar nie 'n geskikte naam vir die wintermaande nie, **aangesien dit nie geskik was om daar te oorwinter nie.** Die heersende winde en storms in die winter het dit gevaarlik gemaak om in die hawe oor te bly vir die winter. Daarom het die meerderheid van die bemanning sowel as die kaptein en die eienaar verkies om eerder na Fenix te vaar. Fenix het sowat 65 km wes van Mooi Hawens gelê. **Die hawe in Fenix was oop na die suidweste en noordweste wat die hawe meer geskik gemaak het om te oorwinter.**

## 2. Handeling 27:13-26 – Die storm op die see

**13** En toe die suidewind saggies waai, het hulle gedink dat hulle hul voorneme kon uitvoer en die ankers gelig en langs Kreta verbygeseil. **14** Maar nie lank daarna nie het 'n stormwind wat Euroklídon genoem word, daarvandaan neergeslaan. **15** En toe die skip meegesleep is en nie teen die wind op kon seil nie, het ons dit opgegee en weggedrywe. **16** En toe ons onderkant 'n eilandjie kom wat Clauda genoem word, kon ons met moeite die sleepbootjie onder beheer hou. **17** En nadat hulle dit opgetrek het, het hulle gebruik gemaak van

hulpmiddels deur die skip onderom te gord; en omdat hulle bang was om op die Sirtis te lande te kom, het hulle die seile neergehaal; en so het hulle dan weggedrywe. 18 En terwyl ons geweldig deur die storm geteister is, het hulle op die volgende dag van die vrag uitgegooi; 19 en op die derde dag het ons met ons eie hande die skeepsgereedskap uitgegooi.

20 En omdat die son en ook die sterre baie dae lank nie geskyn het nie, en 'n hewige storm ons gedruk het, is eindelijk alle hoop om gered te word, ons ontnem. 21 En nadat hulle lank sonder ete was, het Paulus in hul midde opgestaan en gesê: Manne, julle moes na my geluister en nie van Kreta afgevaar het nie en julle so hierdie ramp en skade bespaar het. 22 Maar nou vermaan ek julle om moed te hou, want daar sal hoegenaamd geen verlies van lewe onder julle wees nie, maar alleen van die skip. 23 Want daar het in hierdie nag by my gestaan 'n engel van die God aan wie ek behoort, wat ek ook dien. 24 En hy het gesê: Moenie vrees nie, Paulus; jy moet voor die keiser staan, en kyk, God het aan jou geskenk almal wat saam met jou vaar. 25 Daarom, hou moed, manne; want ek glo God dat dit so sal wees soos aan my gesê is. 26 Maar ons moet op 'n sekere eiland strand.

### 2.1 Vrae by Handeling 27:13-26

- |   |
|---|
| 1. Hoe het die skeepsvaart gevorder nadat hulle Mooi Hawens verlaat het totdat hulle by die eiland Clauda gekom het? (vers 13-16) |
| 2. Watter maatreëls het hulle alles getref om nie skipbreuk te ly nie? (vers 17-19)   |

**Aanvanklik het dit vir kaptein en eienaar sowel as vir die bemanning gelyk asof hulle sou slaag om tot by Fenix te vaar om daar te oorwinter.** Die suidewind het saggies gewaai. Daarom het hulle die anker gelig en van Mooi Hawens af vertrek om by Fenix uit te kom.

**Hulle het egter skaars die ankers gelig gehad toe daar 'n geweldige stormwind opgesteek het.** Die wind is die Euroklidon genoem en is deur gesoute seevaarders gevrees omdat dit onmoontlik is om in hierdie wind die skip te stuur. Een van die verklaarders maak die opmerking dat dit 'n wind is wat vinnig van rigting verander. Dit is 'n wind wat vinnig tussen noordoos, oos en suidoos verander. Alle pogings om



die skip te stuur in hierdie stormwind is laat vaar en hulle die skip laat wegdryf. **Uiteindelik het hulle aan die onderkant (suide kant) van die eiland Clauda gekom.** Daar was naby aan die eiland beskutting genoeg sodat die bemanning die sleepbootjie uit die water op die skip kon bring. Die eiland Clauda was sowat 37 km suid van Kreta byna regoor Fenix waarheen hulle wou gaan.

Nadat hulle die sleepbootjie aan boord gebring het, **het die bemanning toue onder die boeg van die skip deurgebring waarmee hulle die skip van onder af ondersteun het.** Dit was een van die eerste dinge wat gedoen is om 'n skip van daardie dae te beskerm sodat dit nie in die storm uitmekaar gebreek word nie. Omdat hulle gevrees het dat die skip op die berugte Sirtis te lande sou kom, **het hulle die seile laat sak sodat die skip net op die waters ronddryf.** Die Sirtis is sandbanke aan die kus van Noord-Afrika waarskynlik in die omgewing van hedendaagse Libië.

Die geweld van die storm het egter voortgeduur. Op die tweede dag nadat hulle van Mooi Hawens af vertrek het, **het hulle 'n deel van die vrag uit die skip uitgegooi.** En op die derde dag het hulle ook nog van **die swaar skeepsgereedskap oorboord gegooi om die skip ligter te maak.**

- |   |
|---|
| 3. Wat het veroorsaak dat die mense aanboord die skip wanhopig geword het?<br>(vers 20)           |
| 4. Waarom het Paulus die bemanning herinner aan sy waarskuwing by Kreta?<br>(vers 21)             |
| 5. Waar toe roep Paulus die mense aanboord op en watter rede gee hy vir hierdie oproep? (vers 22) |

Die storm het hewig gewoed en dit was vir baie dae lank bewolk, sodat die bemanning nie die son bedags of die sterre snags kon sien nie. In daardie tyd was daar nog nie so iets soos 'n kompas om te help met die navigasie nie. Die skeepsvaarts was afhanklik van die son en sterre om hulle koers op die oop see te bepaal. Die sterk stormwinde het die skip al verder en verder wes gedruk, sodat die bemanning glad nie meer seker was waar hulle hulleself op die see bevind nie.

**Dit was al hierdie onsekerheid oor die koers wat hulle deur die winde gedruk is en ook omdat hulle vir lank sonder kos was dat die bemanning wanhopig geword het.** Dit was egter nie net die bemanning wat wanhopig was nie. Lukas skryf *ons is alle hoop ontnem om gered te word*. Hy het ten minste homself ook ingesluit by die mense aanboord wat nie meer kon sien dat hulle gered kon word nie.

Sommige meen dat Paulus met hierdie herinnering aan sy waarskuwing vir die kaptein en eenaar en die hoofman oor honderd gesê het: Ek het mos gesê, maar ... Dit lyk vir my of 'n mens hierdie herinnering eerder moet lees in die lig van wat Paulus verder aan hulle sê. Paulus herinner die mense aan sy waarskuwing by Kreta, sodat hulle kan onthou en besef dat hy nie sonder rede gewaarsku het nie. Hulle het nou eerstehands ervaar wat gebeur het – hulle is in 'n ramp en het baie skade al gely. Waaroor hy hulle gewaarsku het, het gebeur. **Hierdie herinnering aan die waarskuwing moet die manne aandagtig maak vir die woorde wat nou gaan volg.**

**Paulus roep die bemanning en almal aanboord op om moed te hou.** As apostel praat Paulus hulle moed in sodat hulle weer hoop sal hê. En die rede wat hy vir hulle gee om moed te hou – **niemand aanboord die skip sal sy lewe verloor nie, alhoewel die skip heeltemal verloor sal word.** Aanvanklik klink dit so onwerklik. Hoe sal daar geen lewensverlies wees nie terwyl die skip heeltemal verlore sal gaan? Om hierdie ongeloof by die mense weg te neem, maak Paulus bekend wat die Here gedurende die nag aan hom geopenbaar het.

- |   |
|---|
| 6. Op grond waarvan het Paulus die manne bemoedig? (vers 23)                    |
| 7. Waarvan het die engel van God vir Paulus verseker? (vers 24)                 |
| 8. Watter rede gee Paulus as hy die manne weer oproep om moed te hou? (vers 25) |
| 9. Wat het die Here nie aan Paulus bekend gemaak nie? (vers 26)                 |

Paulus se waarskuwing 'n klompie dae gelede om nie van Kreta af te vertrek nie, sou 'n mens kon sê, was hoofsaaklik begrond op Paulus se ervaring van seevaart. Die

oproep om moed te hou tans en die versekering dat daar geen lewensverlies sal wees nie, staan nog vaster as die vorige waarskuwing – **dit staan vas op grond van die Here se openbaring deur 'n engel aan Paulus.**

Die engel wat aan Paulus gedurende die nag verskyn het, is die engel van die God aan wie Paulus behoort en wat hy ook dien. Paulus is vas oortuig dat hy die eiendom van God is en daarom dien hy die Here ook. Die Here werk nie altyd saggies met sy eiendom nie. In hierdie geval het die Here ook rof met Paulus en al die ander aanboord gewerk. Maar die rowwe manier waarop die Here met sy eiendom werk, beteken nie dat Hy van sy eiendom vergeet of ontslae geraak het nie. Elke manier waarop die Here met sy eiendom werk, is bedoel om sy mense te verander en te vernuwe sodat hulle eindelijk is wat Hy wil hê hulle moet wees.

Die openbaring deur die engel was eerste om die vrees by Paulus self weg te neem. Alhoewel Paulus oortuig was dat hy aan God behoort, het hy tog ook by tye bang geword vanweë die geweld van die storm. Dus is Paulus ook by die *ons* in vers 20 ingesluit wanneer Lukas sê dat alle hoop hulle ontnem was om gered te word.

Die rede waarom Paulus nie moet vrees nie – en ook die manne aanboord – was die belofte wat Jesus nog in Jerusalem aan Paulus gemaak het, naamlik dat hy ook in Rome van God sal getuig (Hand 23:11). **Paulus is deur die engel verseker dat nie net sy eie lewe behoue sal bly nie, maar ook almal wat saam met hom op die vaart is.** Vir Paulus het dit nie net oor homself en sy eie veiligheid gegaan nie, maar ook oor die veiligheid van die ander mense – gelowiges en ongelowiges.

Die eerste keer wat Paulus die manne opgeroep het om moed te hou, het hy as rede aangevoer dat daar geen lewensverlies sal wees nie. Nou het hy aan die manne gesê dat die Here self deur sy engel gesê het dat daar geen lewensverlies sal wees nie. As hy die manne dan vir die tweede keer oproep om moed te hou, sê hy: **want ek glo God dat dit so sal wees soos aan my gesê is.** Van alles wat werklik en sigbaar rondom Paulus is – die storm, die skip, die see, die bemanning – is daar vir hom niks meer werklik en betroubaar as God self nie. God het self hierdie versekering gegee en God het nog nie eenkeer vir Paulus gelieg nie.

**Die Here het nie aan Paulus bekend gemaak op watter eiland hulle sou strand nie. Die Here het net soveel geopenbaar as wat vir Paulus en die bemanning nou nodig was. Al die lewens aanboord sal gespaar word, alhoewel die skip vernietig sal word. Die Here sal hulle op 'n eiland te lande bring.**

### **3. Handeling 27:27-44 – Paulus-hulle ly skipbreuk**

**27 En toe die veertiende nag kom, terwyl ons nog in die Adriatiese See ronddrywe, het die matrose omtrent middernag vermoed dat hulle naby land kom. 28 Daarop gooi hulle die dieplood uit en kry twintig vaam; en nadat hulle 'n bietjie verder gegaan het, gooi hulle die dieplood uit en kry vyftien vaam. 29 En omdat hulle bang was dat hulle miskien op rotsagtige plekke kon strand, het hulle van die agterskip vier ankers uitgegooi en gewens dat dit dag word. 30 Maar die matrose het probeer om uit die skip te vlug en die sleepbootjie in die see laat sak onder die voorwendsel dat hulle ankers van die voorskip af wou uitgooi. 31 Toe sê Paulus vir die hoofman oor honderd en die soldate: As hierdie manne nie in die skip bly nie, kan julle nie gered word nie. 32 Daarop het die soldate die toue van die sleepbootjie afgekap en hom laat afval.**

**33 En teen die tyd dat dit dag sou word, het Paulus almal aangemoedig om voedsel te gebruik en gesê: Dit is vandag die veertiende dag dat julle in afwagting bly vas sonder om iets te gebruik. 34 Daarom raai ek julle aan om voedsel te neem, want dit dien tot julle behoud; want van niemand onder julle sal 'n haar van sy hoof val nie. 35 Toe hy dit gesê het, neem hy brood, dank God in die teenwoordigheid van almal, breek dit en begin eet. 36 En hulle het almal moed geskep en self ook voedsel geneem. 37 En ons was in die skip altesaam twee honderd ses en sewentig siele. 38 En nadat hulle met voedsel versadig was, het hulle die skip ligter gemaak deur die koring in die see te gooi.**

**39 En toe dit dag word, het hulle die land nie herken nie; maar hulle het 'n inham met 'n strand bemerk, waarop hulle van plan was om die skip te laat loop as hulle kon. 40 En hulle het die ankers afgekap en in die see laat lê en tegelykertyd die roertoue losgemaak. En hulle het die voorseil teen die wind opgetrek en op die strand aangestuur. 41 En hulle het op 'n plek verval met die see aan weerskante en die skip laat strand; en die voorskip het vasgemaak en**

onbeweeglik bly sit, maar die agterskip is deur die geweld van die branders uitmekaar geslaan. 42 Nou was dit die plan van die soldate om die gevangenes dood te maak, sodat niemand kon uitswem en ontsnap nie. 43 Maar die hoofman oor honderd wou Paulus red en het hulle verhinder in hulle voorneme en bevel gegee dat die wat kon swem, eerste in die see moes spring om aan land te kom, 44 en die ander, sommige op planke en sommige op stukke van die skip. En so het almal behoue aan land gekom.

### 3.1 Vrae by Handeling 27:27-44

- |   |
|---|
| 1. Wanneer het die matrose vermoed dat hulle naby land was? (vers 27)       |
| 2. Waarom het hulle die diepte van die water gemeet? (vers 28)              |
| 3. Hoe het hulle gekeer dat die skip op die rotse loop? (vers 29)           |
| 4. Hoe was die matrose van plan om van die ramp te ontvlug? (vers 30)       |
| 5. Waaroor het Paulus gewaarsku en wat het die soldate gedoen? (vers 31-32) |

Vir twee weke lank het die skip op die see rondgedryf vanweë die storm wat gewoed het. Die storm het die skip van Kreta af in 'n noordwestelike rigting gedruk. Teen die veertiende nag het hulle in die Adriatiese See rondgedryf. **Dit was teen middernag van die veertiende nag dat die matrose se vermoede versterk is dat hulle naby land gekom het.** Die matrose het waarskynlik in die verte die branders hoor breek teen die kus.

**Om hulle vermoede dat hulle naby land was te bevestig het hulle die diepte van die water gemeet met 'n dieplood.** Die eerste keer wat hulle gemeet het, was die water twintig vaam diep. Dit is ongeveer ses en dertig en 'n half meter diep. 'n Rukkie later het hulle weer gemeet. Toe was dit vyftien vaam en dit is ongeveer sewe en twintig en 'n half meter diep. Die matrose se vermoede is dus bevestig – hulle was naby land.

Aangesien die matrose geen idee gehad het waar hulle hulle bevind nie, was hulle bang dat die skip op die rotse sou loop. Indien die skip op rotse sou loop, sou dit alle reddingspogings bemoeilik. **Daarom het hulle vier ankers van die agterskip uitgegooi met die bedoeling om te keer dat skip op rotse sou loop.** Intussen het

hulle gewens die dag wil breek sodat hulle kon sien waar hulle hulle bevind en ook om te sien waar hulle die skip die veiligste kon laat strand.

Die matrose het geweet dat daar geen manier was om nog te keer dat die skip nie sou strand nie. Hulle het reeds voorsorg getref dat die skip nie op rotse sou strand nie, maar vir hulleself was dit oënskynlik nie genoeg om veilig te bly nie. Daarom het hulle besluit om van die skip af te vlug. **Vir hierdie doel het hulle die sleepbootjie in die water laat sak onder die voorwendsel om die ankers van die voorskip af te gooi.**

Paulus se seevaartkennis het waaskynlik weer hier 'n rol gespeel. Miskien het hy geweet dat die vier ankers wat van die agterskip afgegooi is, genoegsaam was om die skip in die rigting van die land te hou en te keer dat die skip nog nader aan die land dryf. Daarom was dit nie nodig om ook nog die ankers van die voorskip te laat sak nie. **Dus het die matrose net een ding in gedagte gehad – hulle wil so gou as moontlik van die skip af vlug om nie in 'n ramp te kom nie.**

Daarom het Paulus aan die hoofman oor honderd gesê dat hy en die soldate nie gered sal kan word as die matrose van die skip af vlug nie. Dit is immers net die matrose wat genoeg kennis het om die skip veilig te laat strand. Daarom is hulle nodig op die skip. Die Here het immers aan Paulus belowe dat almal op die skip veilig en behoue sal bly. Die hoofman oor honderd het na alles wat tot dusver gebeur het en na alles wat Paulus reeds oor die storm gesê het, meer vertroue in Paulus se woorde gehad as in die van die bemanning. **Daarom het die soldate op bevel van die hoofman oor honderd die tou van die sleepbootjie afgekap sodat dit nutteloos in die water geval het.**

- |   |
|---|
| 6. Waarom het Paulus die mense aangemoedig om te eet? (vers 33-34)                |
| 7. Wat het Paulus gedoen voordat hy self geëet het? (vers 35)                     |
| 8. Watter uitwerking het sy optrede op die mense gehad? (vers 36)                 |
| 9. Watter verdere voorsorg is getref om die skip veilig te laat strand? (vers 38) |

In die afgelope twee weke het almal aanboord maar min geëet. Die redes daarvoor is voor die hand liggend. Vir veertien dae het die storm nou al gewoed, sodat dit onmoontlik was om kos voor te berei. Na alle waarskynlikheid was die kos wat hulle aanboord gehad het ook al weens die water bederf. **Nou lê daar egter groot werk voor vir almal aanboord – almal sal moet help om die skip veilig te laat strand.** Daarom het Paulus die mense aangemoedig om te eet sodat hulle die krag sal hê om te kan werk. As motivering om te eet ter wille van hulle behoud voeg Paulus die belofte van die Here aan hulle toe – want van niemand onder julle sal 'n haar van sy hoof val nie.

Paulus self het die voortou geneem met sy aanmoediging. **Soos sy gewoonte was het hy brood geneem en God eers daarvoor gedank.** In die teenwoordigheid van almal het Paulus die Here gedank vir die kos, want hy skaam hom nie vir sy geloof in die Here nie omdat hy die Here ken. Nadat hy gedank het, het hy begin eet.

Hierdie vertrou wat Paulus in die Here en sy beloftes gehad het, was vir die ander mense aansteeklik. **Hulle het Paulus se voorbeeld gevolg en ook kos geneem en geëet.**

Lukas berig die aantal mense aanboord die skip. Hulle was in totaal twee honderd ses en sewentig mense. Nadat hulle geëet en hulle kragte herwin het, **het hulle begin om die koring wat nog in die skip was oor boord te gooi sodat die skip ligter kon word.** Sodoende het hulle verseker dat die skip in vlakker water sal strand.

- |  |
|--|
| 10. Waar was hulle van plan om die skip te laat strand? (vers 39-40)                                 |
| 11. Wat was die gevolge vir die skip nadat hulle gestrand het? (vers 41)                             |
| 12. Wat was die soldate se plan met die gevangenes in hierdie omstandighede? (vers 42)               |
| 13. Hoe het die Here sy beloftes aan Paulus en ten opsigte van almal aanboord volbring? (vers 43-44) |

Toe dit dag geword het, het die matrose nie die land waar hulle gekom het herken nie. Maar waar hulle tans was, het hulle 'n gunstige plek gekry om die skip te laat

strand. **Daar was 'n inham of 'n baai met 'n strand.** Om die skip in daardie inham op die strand te laat loop, het hulle die ankers afgekap en in die see laat lê. Verder het hulle ook die roertoue losgemaak sodat hulle die skip kon stuur. En om die skip nog meer beweeglik te maak, het hulle die voorseil gehys en die skip op die strand aangestuur.

**In die vlak water het die skip se voorstewe vasgesteek in die sand sodat dit glad nie verder vorentoe kon beweeg nie.** Aan weerskante van die skip was daar nog water wat waarskynlik redelik diep was te oordeel aan die feit dat die wat kon swem nog na die strand toe moes swem. Aangesien die skip nie verder vorentoe kon beweeg nie, **het die geweld van die branders die skip se agterstewe uitmekaar geslaan.** Dit is dus duidelik dat die storm nog geensins verby was nie.

Toe die skip op 'n onbekende eiland gestrand het, het die soldate geweet die kans is groot dat die gevangenes sou ontvlug. 'n Romeinse soldaat het nie gewaag om 'n gevangene onder sy sorg te laat wegkom nie. Indien 'n gevangene ontvlug, het die soldaat wat hom moes bewaak het gewoonlik die straf gekry wat die gevangene sou ontvang. Kyk maar net wat het met die twee soldate gebeur wat Petrus moes bewaak (Hand 12:19). **Daarom het die soldate beplan om die gevangenes eerder nou om die lewe te bring as om hulle eie lewens op die spel te plaas.**

**Die Here het dit egter beskik dat Paulus guns in die oë van die hoofman oor honderd gekry het.** Dit is waarskynlik oor alles wat Paulus tot dusver gesê het en oor Paulus se eie optrede as gelowige tydens die vaart. Daarom wou die hoofman oor honderd vir Paulus red. Aangesien hy Paulus wou red, het hy ook die soldate verhinder om hulle plan uit te voer. Met hierdie optrede het die hoofman oor honderd sy eie lewe op die spel geplaas vir die gevangenes.

Daarna het die hoofman diegene wat kon swem aangesê om strand toe te swem. Al die ander het op planke of wrakstukke van die skip na die strand toe geroei of gedryf. **Sodoende het die Here sy belofte dat Paulus in Rome sal getuig (Hand 23:11) en die belofte dat almal aanboord lewendig sal bly (Hand 27:24) vervul.**